Gebede tot in God se troonkamer

Ds. Willem Louw: NG Kerk Miederpark

Lees: Hd.1:4-5,12-14, 2:1-4
1Kon.18:41-45
Teks: 1Kon.18:41 "ek hoor al die gedruis van die reën."

Gebed is God se manier om sy kinders te seën. Oor die jare het ek verkeie wonderwerke gesien nadat gelowiges begin bid het. Wanneer gelowiges oortuig is van God se wil vir 'n spesifieke saak en in die gebed volhard, gebeur dinge!

Voorbeeld:
Die gemeente leiers het verledejaar besef dat God ons roep om die evangelie sterker in ons plaaslike omgewing uit te dra. Ons wou graag 'n evangelis plaaslik aanstel, maar het regtig nie genoeg fondse in die sendinggeloofsoffer gehad nie. Ons het gebid en vir die Here gevra as dit Sy wil is, om vir ons die deure te open.

Een oggend het die Here in my stiltetyd my oortuig om dadelik oudlidmate in Carletonville te bel en hulle te nooi om in Potchefstroom te kom kuier. Die aand voordat hulle sou kom, het die Here weer in my stiltetyd met my gepraat. Hy het my duidelik gevra om hulle as leiers aan te stel van die nuwe bediening waaronder die beplande evangelis sou werk. Hulle moes leiding neem en ons moes hulle ondersteun. Toe ons mekaar die volgende dag ontmoet, het ek met die deur in die huis geval en hulle meegedeel waaarvan die Here my die vorige aand in my stiltetyd oortuig het.

Groot was my verbasing toe hulle net stilbly en saggies begin huil het. Ek het nie geweet wat om verder te sê nie. Daarna het hulle my vertel dat die Here presies 'n jaar tevore aan hulle in 'n droom verskyn het en bevestig het dat hulle kerke vir Hom sou plant. Hulle was verbaas, aangesien hulle nie evangeliste was nie en ook nog nooit evangelisasiewerk gedoen het nie. Hulle was sakemanne en vroue. Hulle het gewonder hoe hulle dit ooit sou regkry? Vir 'n jaar het hulle oor die saak

gebid. Hulle was gewillig en het met afwagting gewag, maar kon hulle nie indink hoe hulle dit ooit sal regkry nie.Elke dag het hulle die Here gevra hoe sou hulle dit kon regkry? ***Op daardie oggend het hulle met verbasing besef, God was besig om Sy beloftes aan hulle waar te maak!*** *God was lank vooruit besig met Sy PLAN nog voordat enige partye van mekaar geweet het.Hierna het dinge vinnig begin gebeur. God het binne'n paar maande hulle gebruik om op wonderbaarlike wyse genoeg fondse te voorsien om die droom waar te maak!* ***Aan die begin van hierdie jaar (2010) het die gemeente 'n evangelis in die swart woonbuurt aangestel.*** *Drie weke gelede het die evangelis wat ons aangestel het, aangekondig dat hulle hul eerste kerkie geplant het. Hulle het 'n naam vir die kerkie gesoek. Ek het die evangelis gevra om saam met sy lidmate daaroor te gaan bid en self te besluit. Die gelowiges het besluit om dit die Christian Fellowship Centre te noem.*

Die werk het intussen so uitgebrei dat deur hierdie bediening 'n reuse wêreldbeker sokker evangelisasie aksie ontvou het. Waar het alles begin? ***Alles het begin by een man en een vrou wat 'n droom van God ontvang het dat God hulle wil gebruik om kerke te plant. Hulle het in God se plan geglo. Hulle was gewillig en gehoorsaam. Hulle het daarna bly bid totdat God hul gebede verhoor het!***

Die Heilige Gees is op Pinksterdag uitgestort nadat 'n groepie gelowiges gehoorsaam geword het aan God se opdrag om te bly bid totdat God, hulle gebede verhoor het. Hulle het saam biddend op God se belofte gewag. Hulle het eenparig <u>saam verwag dat God hul gebede sal verhoor!</u> Daarom het hulle ook saam ontvang wat hulle verwag het!

Hoe dikwels bid jy ? Weet jy hoe belangrik jou gebede saam met medegelowiges is? God luister graag na gesamentlike gebede. Hy belowe: *"As twee van julle op aarde oor enige saak saamstem en daaroor bid, sal My Vader wat in die hemel is, hulle dit laat kry, want waar twee of drie in my Naam saam is, daar is Ek by hulle."* ***(Mt.18:19-20)***

Hierdie groepie gelowiges was voor Pinkster besig om hulle geestelik voor te berei vir dit wat hulle verwag het. **Wat verwag jy tans van God?** Waarvoor berei jy jou

tans biddend voor in ons gemeente? **Kan jy al die reën van geestelike seën in die verte hoor aankom, of is jy so negatief ingestel dat God jou nie vir Sy droom kan gebruik nie?** So dikwels gaan daar weke en jare verby, sonder dat gelowiges verstaan presies wat God deur hulle wil bereik! So stap die tyd aan sonder dat ons, ons energie en gebede fokus op die saak waarvoor God ons geroep het!

1. Om jouself voor te berei as instrument in God se hand

- **Groot wonderwerke gebeur selde as bidders hulle nie eers self oorgee in God se hand nie.** God se Gees werk slegs deur rein kanale. Indien daar onvergewensgesindheid, bitterheid of enige ander sonde in jou eie lewe is, verbreek dit jou verhouding met God.
- ***Mk.11:25*** *"En wanneer julle staan om te bid, en julle het iets teen iemand, vergewe hom; dan sal julle Vader wat in die hemel is, julle ook julle oortredings vergewe."* ***God begeer dat jy in 'n konstante verhouding met Hom sal wandel.*** Hy begeer dat jy ononderbroke 'n sensitiewe oor vir Hom sal hê. God het geen begeerte dat jy Hom net af en toe as noodwiel gebruik nie.

Elke verhaal van gebedswonderwerke, handel oor die almagtige God wat wondere verrig wanneer nietige mense ***in 'n verhouding met Hom begin leef***! Al wat God verlang is dat ons, ons voor Hom sal verootmoedig. Dat ons alle sondes wat skeiding maak tussen ons en God sal bely en ons as rein kanaal 100% tot sy beskikking sal stel.

- Voordat Elia op berg Karmel vir reën tot God gebid het, was hy drie jaar in God se woestynskool. God het hom vir drie jaar in die woestyn afgesonder waar Hy vir Elia gesorg het. God het hom geleer om vir sy daaglikse kos in geloof te wag. Hy moes elke dag wag dat die kraaie sy kos bring. Later moes hy toelaat dat 'n weduwee wat self niks het nie, vir hom sorg. Elia was totaal afhanklik van God se sorg. Hy het geleer om God te vertrou. Hy het geleer om op God se Woord te handel. Hy was gereinig en geheilig. Afgesonder en gereed vir God se diens. Elia het geleer om biddend op God te wag.
- Paulus het dieselfde geleer voordat God hom kragtig gebruik het. Die Here het hom 'n doring in sy vlees gegee om hom nederig te hou. *"drie maal het ek die Here gebid dat dit van my af moet weggeneem word. Sy antwoord was: "My genade is vir jou genoeg. My krag kom juis tot volle werking*

wanneer jy swak is." Paulus sê: "Daarom is ek bly oor swakhede, beledigings, ontberings, vervolging en moeilikhede ter wille van Christus, want as ek swak is, is ek sterk." 2Kor.12:8-10

- Uiteindelik toe God Elia stuur om die Baalprofete op Karmelberg uit te daag, was hy volkome gereed vir die groot opdrag. Hy het gewandel op God se Woord. Hy het in die Naam en gesag van God opgetree. Daar op berg Karmel het die hele volk hulle voorberei om God voluit te dien. Elke Baälprofeet is dood gemaak. Die volk het opnuut voor God gebuig en bely "die Here is God!" Daar is 'n nuwe "commitment" deur die volk aan God gemaak. **Weet u, God kom in beweging wanner mense hulle aan Hom toewy!**

Is jy besig om jouself voor te berei om 'n instrument in God se hand te word? Verwag jy dat God deur jou lewe wondere sal bewerk? Pinkster word weer hierdie week in ons gemeente gevier. Dit is 'n tyd waarin die Heilige Gees van God op besondere wyse sy kinders oproep tot gebed en toewyding. 'n Tyd waarin die Gees ons 'n honger na geestelike herlewing gee. ***Is jy voorberei en bruikbaar om deur God gebruik te word? Leef jy daagliks in afwagting dat God jou wil gebruik?*** Is jy gereinig van sonde? Leef jy in volle oorgawe aan God? Is jy sensitief vir God se stem?

2. Om deur te bid.

Voor Pinksterdag het die gelowiges begin bid en deurgebid totdat hulle ontvang het! ***Heb.11:6*** *sê: "As 'n mens nie in God GLO nie, is dit onmoontlik om te doen wat God wil. Wie tot God nader, moet glo dat Hy bestaan en dat Hy die wat Hom soek beloon."* As jy nie Glo dat God se Woord waar is nie, as jy nie Glo dat God almagtig is nie, sal jy ook nie glo dat God gebede verhoor nie.

Elia is 'n voorbeeld van 'n voorbidder wat in die geloof begin bid het en aanhou bid het tot hy deur gebid het! Hy staan op die top van Karmelberg met sy kop tussen sy knieë. (Let op sy nederige gebedsposisie) 1Kon.18:42-45. Daar is nie 'n teken van reën nie, maar hy weet dat die Here op hierdie dag reën sal stuur. Die Here het immers self na drie jaar se droogte aangekondig (1Kon.18:1) dat dit tyd is om weer reën te stuur. Elia bid dus op God se bevel in die geloof. Hy verwag dat God op daardie dag nog 'n wonderwerk gaan doen en baie reën gaan stuur.

- **Dikwels bid ons vir dinge sonder om dit te verwag**. Soos die verhaal van die boer wat vir reën bid en dan van sy knieë opstaan, na buite gaan, op die stoep van sy plaashuis gaan staan en dan opmerk: "Die wind waai verkeerd, dit sal nie vandag reën nie."
- **Elia het verwag dat hy gaan ontvang wat hy vra.** Voordat hy nog begin bid vir reën hoor hy al in sy gees die reën Hy sê **"ek hoor al die gedruis van die reën."** Dan begin hy bid. Met sy kop nog in 'n gebedsposisie tussen sy knieë en sy aangesig op die grond, stuur hy sy slaaf om telkens na die rand van die berg te hardloop om mooi duidelik tot op die horison, na die see se kant (waar die reën gewoonlik vandaan kom), te kyk. Daar waar hy gekniel het, kon hy waarskynlik nie tot op die horison sien nie. **Daar was geen wolke in die lug nie, maar hy bid met verwagting. Hy verwag dat God dadelik iets gaan doen**. *(vgl.Gen.**18:14** Die Here vra vir Abraham: Waarom lag Sara? **"Is iets te buitengewoon vir die Here?"**)*
- Elia het verwag dat God reën sal stuur. Hy word nie mismoedig as sy slaaf terugrapporteer dat daar nie 'n enkele wolkie insig was nie! Hy beur vorentoe in gebed! Toe sy slaaf rapporteer dat daar een enkele wolkie so groot soos 'n man se hand was, het hy dadelik in die geloof gehandel. Hy stuur sy slaaf na die koning met die boodskap: *"Span in en gaan van die berg af, anders sal die reën jou vaskeer."* Dit sou die koning 'n wyle neem om van die berg af te ry. Elia se geloof is duidelik groot. Hy verwag groot reën wat die koning op die berg kan vaskeer en die paaie onbegaanbaar kan maak! Die reën het spoedig gekom!
- ***Mk.11:24** Jesus sê: "**Daarom sê Ek vir julle**: **Alles wat julle in die gebed vra, glo dat julle dit al ontvang het, en dit sal vir julle so wees**."*

'n Vars gebedsverhoring:

Ek is besig om die Nehemia Bybelskool kursus in die tronk vir langtermyn gevangenis aan te bied. Al die gevangenis in my klassie het ernstige oortredings begaan. Een van die bewaarders, Moses, deurloop ook die kursus saam met die gevangenis. Nou onlangs het Moses se broer in 'n motorongeluk gesterf. Hy en sy gesin moes bykans 1500 km ver reis na die begrafnis in die Kaap. Terwyl hy daar besig was, ontvang hy die slegte tyding dat skelms terselfdertyd by sy huis in Potchefstroom ingebreek het. Sy huis in Ikageng ('n arm woonbuurt), was met 'n alarm toegerus wat weerskante aan die bure se huise gekoppel was. Die alarm het afgegaan, maar die diewe is weg met baie gesteelde goed. Hy het amper alles

verloor. Nadat hy van die Kaap af terug gekom het, en hy die skade aanskou het, het hy eers by ons kerk kom stop om sy vraestel vir die kursus te kry. Moses het sy hart teenoor my oopgemaak. Hy het baie skade gely. ***Ek het geweet hy is 'n opregte teer kind van God.*** *Ek het hom in die kerkgebou ingeneem waar ons saam gebid het.* ***Ons het vir die Here 'n wonderwerk gevra. Ons het gebid dat God berou in die diewe se hart sal bring en dat hulle in die Naam van die Here elke gesteelde item persoonlik by sy huis sal kom aflewer!*** *Na die gebed was ons opgewonde. Ons was opgewonde want ons het geweet God kan die onmoontlike vermag!*
Hierdie week toe ek weer die kursus aanbied, was Moses terug op sy pos in die klas. Voor die prisoniers het hy getuig van 'n wonderwerk deur gebedsverhoring. Hy vertel twee dae na ons gebed, het 'n vrou met twee jongmanne opgedaag by sy huis. Die vrou was die moeder van die jongmanne. Die twee manne het in berou voor hom kom staan en bely dat hulle by sy huis ingebreek het! Hulle het elke gesteelde item teruggebring! Hulle het vol berou om vergifnis gevra! Moses wat dit van God afgebid het, was geestelik gereed vir die oomblik. Hy het hierdie wonderwerk van God verwag en daarom was hy nie aggressief nie. Hy het die diewe in sy huis ingenooi en vir hulle koffie gegee. Hy het hulle na die Here gelei en hulle die hande opgelê en vir hulle gebid. Die diewe het daar in sy huis 'n volle oorgawe aan God gemaak en as nuwe mense uit sy huis gestap! Met die aanhoor hiervan het die gevangenis God geloof en prys en spontaan hande geklap!

3. Om by God te pleit

God luister graag na gelowiges wat voor Hom kniel en pleit vir Sy guns en seën oor 'n stad, 'n dorp of gemeente. Hoe het ons gemeente nie in hierdie dae gelowiges nodig wat weer voor God sal gaan staan en by Hom in gebed sal pleit vir hierdie gemeente nie. Hoe nodig het ons nie gelowiges wat in die bres sal gaan staan vir hul mede boeties en sussies in die gemeente nie! Is jy bereid om selfs te bid dat God die waarvan jy nie hou nie, sal nuut maak en kragtig gebruik?

God openbaar graag sy planne aan opregte gelowiges wat naby Hom leef. God vertrou sy kinders en laat toe dat hulle deur hul gebede sy guns wen! Ons lees in ***Gen.18:17*** *"en toe dink die Here: sal Ek vir Abraham wegsteek wat Ek wil doen?"*

- **In Gen.18:23-33 vind ons Abraham besig om by God te pleit** vir die behoud van Sodom en Gomorra. Hy begin by Vyftig. *"Miskien is daar vyftig regverdiges in die stad, sal u die plek werklik vernietig? Sal u dit nie spaar oor vyftig*

regverdiges daarin nie?" (Lees die verhaal hoe Abraham sy lewe by God waag om in te tree vir die redding van die stad en die getal af bid tot slegs 10 gelowiges.)

- **'n Mens bid net pleit gebede oor dinge wat jou na aan die hart lê.** Hoe ernstig is jy oor verlore mense in hierdie stad? Hoe ernstig is jy oor verlore mense in hierdie gemeente? Hoe ernstig is jy oor herlewing in hierdie gemeente? Waag jy dit om te pleit by God?
- **Ek kry die idee dat baie gelowiges begin bid vir 'n saak en dan moedeloos word.** Hulle begin om vir iemand te bid en dan raak hulle moedeloos omdat God nie dadelik hul gebede verhoor nie. Dit laat my dink aan 'n vliegie wat by 'n venster wil uitvlieg. Die venster se bo-luik is oop, maar die vliegie vlieg van die vensterbank op tot so amper by die boonste oop venster. Dan is die vlieg moeg en val hy weer terug. Die proses herhaal totdat die vlieg te uitgeput is om weer te probeer en sterf daar op die vensterbank. As die vlieg maar geweet het hoe naby hy aan vryheid was, sou hy deurgedruk het tot bo. Weet u hoe naby ons aan geestelike herlewing is? Hoor u al die gedruis van die reën?
- In **Luk.18:1-8** leer Jesus ons deur 'n gelykenis "***dat 'n mens altyd moet aanhou bid sonder om moedeloos te word**."* Die verhaal handel oor 'n onregverdige regter wat 'n weduwee te nagekom het. Die weduwee het nie moedeloos gewoord nie. Sy het herhaaldelik haar lot by die regter gaan bekla. Jesus sê die hardkoppige goddelose regter het uiteindelik toegegee *"aangesien hierdie weduwee so aanhou"* om hom lastig te val!
  Mt.18:6 *"Toe sê die Here: 'Hoor wat sê die onregverdige regter. Sal God dan nie aan sy uitverkorenes, wat dag en nag tot Hom roep, reg doen nie? Sal Hy hulle lank laat wag? Ek sê vir julle: Hy sal hulle help, en gou ook!' "Maar sal die seun van die mens by sy koms nog geloof op die aarde vind?"*
- **Jesus leer ons om skaamteloos te bid en te pleit as iets vir jou belangrik is.** Ai, ons is tog so skaam om hardop te bid. Ons is tog so skaam oor wat mense sal sê. Vriend, as jou kind besig is om te verdrink in 'n rivier sal jy skaamteloos skree: "Help!" Jy sal nie omgee wat mense van jou dink nie, solank jou kind net gered kan word!
- **Wanneer jy nog te skaam is om voor mense te bid en vir God "help" te skree, is jou nood nog nie groot nie.** Mense wat ernstig is oor iets, gee nie om wat ander van hul dink nie. ***Luk.11:5-8*** vertel die verhaal van 'n vriend wat in die nood was en om middernag by sy ander vriend (wat toe al geslaap het) se deur gaan klop het en brood gevra het vir sy gaste. Jesus sê: *"Ek sê vir julle: Al*

sou hy nie opstaan en dit vir hom gee omdat hy sy vriend is nie, sal hy tog opstaan en hom alles gee wat hy nodig het, <u>omdat hy hom nie skaam om aan te hou vra nie."</u>

- **Wil jy nie begin om jou voor te berei om in hierdie dae kragtig deur God gebruik te word nie?** Bely jou sondes, verootmoedig jou voor God, leef in 'n intieme verhouding met God. Vra God om jou sensitief te maak vir Sy wil. Gaan tree eenkant in gebed in vir daardie sake wat God op jou hart druk!
- Bid met volharding, bid skaamteloos. Bid sonder ophou, bid enige tyd en plek, bid saam met ander, bid alleen in afsondering, bid pleitend, bid met verwagting, bid sonder om moedeloos te raak, bid met volharding, bid dwarsdeur tot in die troonkamer van God, bid deur totdat jy ontvang!

- Kan jy ook vanoggend sê**: "ek hoor al die gedruis van die geestelike reën."** *(1Kon.18:41)*

Amen